**SKRIFLESING:** Lukas 2:1-7; 3:1-2
**TEMA:** Krewe vier nie Kersfees nie.

Waarom begin Lukas sy beskrywing van die geboorte van die Here Jesus met ‘n verwysing na keiser Augustus en na Cirenius, die goewerneur van Sirië?

Is dit net sodat ons sal weet wanneer die geboorte plaasgevind het? Deels ja, maar hy doen dit veral omdat hy ons iets wil vertel van God! Hy wil vir ons sê: “God kom maak geskiedenis midde in ons wêreld... God kom verander my en jou toekoms hier op aarde.”

Die krip is nie een of ander wollerige goedvoel storie van lank, lank gelede nie. Ons God kom maak moeite binne in en met hierdie alledaagse, bekende wêreld waarin ons elke dag staan. Dit is verskriklik belangrik! Dit is die goeie nuus van Kersfees!

Die gevaar is dat God vir ons 'n kersfeesgod kan word - van wie ons graag hoor - maar wat nie werklik in ons lewens betrokke is nie. Ons vergeet dat Hy die léwende en lewensveranderende God is.
Dáárom begin Lukas nie die Kersverhaal met...”eendag, lank, lank gelede" nie. So begin stories - wat natuurlik wel wonderlik mooi kan wees, wat mens kan vertel van die mooie en die goeie, wat mens kan verplaas na 'n droomwêreld van geluk, 'n idilliese wêreld vol vreugde, 'n sprokieswêreld, waar alles net goed en reg is. So 'n verhaal kan 'n mens bly maak, maar net solank jy in jou droomwêreld is!

Soos die verhaal van kersvader, wat 'n mens tog ook bly maak. Dit laat kinders lag. Dit bring 'n atmosfeer van ontspanning en van vreugde. Maar dit is net tydelike ontspanning en vreugde. Dit is maar net 'n storie – geskenke word oud, kersversierings word gebêre en na 'n tyd moet 'n mens weer terug na die harde konkrete, alledaagse werklikheid en dan is alles maar weer presies dieselfde.

Die Bybel leer ons: die Kersevangelie is nie so nie! Dis nie 'n droom nie, al klink dit dikwels daarna. Dis nie 'n sprokie nie, al is talle sprokies daaromheen geweef en vertel. Dis nie 'n gedig of lied nie, al word dit daardeur verkondig

Die Kersboodskap is geskiedenis! Dis feite! Dis werklikheid! Dis waar! Dit speel nie in 'n droomwêreld af nie, maar in hierdie wêreld. As daar destyds TV was, sou dit die wêreldnuus gehaal het. Dit het werklik gebeur op hierdie aarde, tussen mense soos ons, vir mense soos ons en met mense soos ons! Dit is nie ‘n goedvoel boodskap vir een spesiale dag nie. Dit is God se goeie nuus wat die wêreld verander.

God het sy geskiedenis verder kom skryf, sy vrede kom bring, sy koninkryk laat kom, binne hierdie harde aardse werklikheid waarin ons elke dag leef.
Hierdie goeie nuus is waar vir dié in vrede, maar ook vir oorloggeteisterdes; vir die wie se tafels kreun van kos en die hongeres; die gevestigdes en die vlugtendes; die vryes en die

onderdruktes; die families wat vandag bymekaar is en ook die eensames; die verlore en die verloste sondaars; die laggendes en die treurendes en die vrye en die vervolgde kerk.

Hierdie goeie nuus is waar... vir óns vandag!
Dit is nie drome of stories nie. Dis feite, nuus, werklikheid. God het op hierdie aarde kom woon, onder ons, en sy geskiedenis nuut met ons begin... in die dae van Augustus, die keiser van Rome en Cirenius, die goewerneur van Sirië!

Maar daar sit nog iets meer in hierdie verse. Dit wil ook sê hóé God sy geskiedenis maak in hierdie wêreld. Hy doen dit dwarsdeur menslike planne en optrede. Hy gebruik die planne en dade van mense sonder dat hulle daarvan bewus is. Hy rangskik dit en laat Hy sy ryk kom.

Keiser Augustus gee 'n bevel tot inskrywing in verre Rome. In Sirië, een van die kleinere uithoeke van die magtige Romeinse Ryk, voer Cirenius, die goewerneur, die opdrag uit.
So word die Skrif vervul dat die Verlosser van die wêreld in Betlehem gebore sou word!
Nòg Augustus, nòg Cirenius het enige benul gehad dat hulle betrokke was by God se geskiedenis nie. Nooit het hulle kon droom hoe hulle bygedra het dat die Skrif vervul sou word nie. Maar God span mense se planne in, selfs al is hulle onbewus daarvan en is dit in stryd met hulle eie bedoelings, om sy Koninkryk te laat kom.

Nie net maak God geskiedenis midde in hierdie harde, konkrete,aardse werklikheid waarin ons elke dag leef nie, maar Hy doen dit dwarsdeur alles heen, ook dwarsdeur alles wat mense mag bedink om hulleself te dien. Hy is in beheer. Hy kan ook die kwaad ten goede laat meewerk.  Ons lot, ons toekoms, ja, ons hele geskiedenis, is veilig in sy hande.

Dit is die goeie nuus van Kersfees!

Ons hoef nie mismoedig te wees en te vra: “Waar gaan die wêreld heen?" nie. Ons hoef nie te vrees dat die geskiedenis uit God se hande sal glip en sy koninkryk gekeer sal kan word nie. Dwarsdeur alles wat ons sien en hoor en dikwels nie verstaan nie, regeer ons God. Soos wat Hy sy Koningkryk deur sy Seun, Jesus Christus, laat kom het, sal Hy aan die einde van die aardse se geskiedenis weer kom om ons te kom haal.

Maar daar is nóg iets wonderbaars in hierdie verse. Dit wil ook sê dat die hooffigure in God se geskiedenis; diegene met wie Hy moeite maak; diegene aan wie Hy Hom openbaar; diegene by wie Hy kom woon; is nie noodwendig dieselfde mense wat die hooffigure in die menslike wêreldgeskiedenis is nie.

Lukas 3:1-2 noem al die magtiges van die destyds bekende wêreld, almal wat hoegenaamd iemand was - die heersers wat as 't ware die geskiedenis van die aarde bepaal het en sê dan amper ironies - toe het die woord van die Here gekom tot Johannes, die seun van Sagaria, in die woestyn. God kom in die eensame woestyn in die land Juda. As Hy as God mens word en onder ons kom woon, is dit by die eenvoudiges, die nederiges, die eensames, die behoeftiges, die sondaars!

Só is God! Dít is die evangelie! God maak bemoeienis met hiérdie wêreld. Sy koninkryk kom dwarsdeur menslike planne heen. Dit kom in die lewens van mense, soos jy en ek.
Kersfees is nie 'n sprokie nie, maar nuus: God se goeie nuus vir almal van ons. Nuus wat ons lewens onherroeplik verander!

**Maar wat het dit, sou jy op hierdie stadium kon vra, met vanoggend se die tema: "Krewe vier nie kersfees nie." te doen?**

Die filosoof en skrywer C.S. Lewis vertel in sy boek "Surprised by Joy" van sy jare lange vertroue in ateïsme; die onsinnigheid van die Christelike geloof en die "sterwende God". Toe, op 'n dag, tydens 'n busrit het hy die woordelose gevoel dat hy iets terughou; homself uitsluit: "... dat ek 'n stywe klere gedra het, soos korsette, of selfs 'n gepantserde uitrusting, asof ek 'n kreef is. Ek het gevoel dat ek, daar en dan, 'n vrye keuse gegee word."

In sy verbeelding het hy gevoel soos "'n sneeuman wat besig is om te smelt, beginnende by die rug; druppeltjie vir druppeltjie en toe kom dit in stroompies… Daar in die bus was my keuse duidelik: totale oorgawe, totale vreugde: God is wat Hy is. Ek het my pantser losgemaak en die sneeuman het gesmelt..."

Wanneer ons toelaat dat die Here ons smelt, dat die Heilige Gees ons harde kreef pantser afhaal en ons oorgee aan die Here, dan raak Kersfees meer as 'n een dag van die jaar goedvoel storie. Dan word die kind in die krip, 'n radikale Goddelike ingrype in wêreld. 'n Goddelike ingrype in elkeen van ons se lewens wat ons elkeen se kop en hart en hande radikaal verander sodat ons met oorgawe, om al die regte redes, Kersfees vier.
Amen